



Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 28 JAAR OUD!

GRATIS
Junie
2026

AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION

Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: 079 273 4630
www.goodnewsmessage.co.za
Goele Nuus Koerant -
Good News Newspaper



Buddhist Gangster Turned Evangelist

KAMPONG THOM, Cambodia - On its 30th anniversary, the *Asian Center for Missions*, CBN's missionary training centre in the Philippines, celebrated with its missionaries and the disciples they have made in the 77 nations they have reached so far.

One of them is Pastor Khon Khan. Born to a poor Buddhist family in Cambodia, Khan sought to become a monk in order to get a free education.

That dream was shattered when his parents' business went bankrupt. Then, due to severe depression, his mother committed suicide. He shared, "After my mom passed away, I have no hope, I have no money, my dad remarried. My life became worse and worse."

With ten siblings, Khan had to find ways to survive. In order to continue his studies, he lived in a Buddhist temple and served the monks. But after a few years, he left the monastery, disappointed at how the older monks treated him.

Khan told CBN News, "They always say bad words and revile

all the children. Then I decide not to stay in the Buddhist temple anymore. From that time, I did not want to be a Buddhist monk anymore. I became a gangster, gambling and want to fight. I felt hopeless, no money, no food to eat. I really want to kill myself.

"While I was thinking like that, a voice come to tell me, 'If you want to have hope in your life, you want to have a good future, you should know how to speak English because your country need someone to translate for foreigners.'

"I asked my gangster friend, 'Friend, do you know a foreign teacher who teach English free of charge?' He said, 'Oh yes I know teacher who teach English free of charge. But one thing, the problem, it's a Christian church.'"

Desperate to learn English, Khan decided to join the evangelistic English classes led by Filipino missionaries trained by the *Asian Center for Missions, ACM*. Here, the students were required to tell people about Jesus.

"My pastor said every student should preach the gospel and tell people: 'Jesus loves you, He died for you. If you don't understand,



come to church.' I just do that and after 5 months, finally, I realise Jesus is the Saviour. Then I accepted the Lord. From that time I commit myself to serve God with my whole life," Khan said.

Today Pastor Khan pastors a church in his province in Kampong Thom. He has helped plant 200 churches across the 24 provinces of Cambodia and disciples pastors. On Sundays, he conducts feeding programmes in 25 villages around Kampong Thom. Not all of these children belong to very poor families, but according to Pastor Khon Khan, the most important thing is for these children to be fed not only nutritious food, but the Word of God.

After living the difficult life of an orphan, Pastor Khan also started a children's home to take care of poor children who have nowhere to go.

God has expanded the pastor's territory leading to his being named Undersecretary of Cult and Religion in Cambodia. This position allows Pastor Khan to protect Christian churches, especially in remote villages where they are often persecuted. As a

result, they can now freely spread the gospel.

Pastor Khan believes with God by his side, nothing can stop him from winning more tribes and villages for Jesus, a legacy that's been passed on to him by ACM.

He said, "Without ACM, I might have been killed because I was a gangster, or in prison. But by the grace of God, through the ACM, God called me out of the dark world. I used to be the boy who was hopeless and helpless, but now God is using me to bless the whole Cambodia."

- Lucille Talusan, Asia Correspondent for CBN News, <https://cbn.com>

"But you are a chosen people, a royal priesthood, a holy nation, God's special possession, that you may declare the praises of Him who called you out of darkness into His wonderful light" (1 Pet. 2:9 NIV).



Die Vader van Ontferminge

Ek het vir die Here gevra om Sy liefde aan my te openbaar. Dit voel vir my so 'n abstrakte begrip om in 'n God te glo wat buite die dimensie van tyd bestaan. Iemand daar ver wat ek nie letterlik in my alledaagse bestaan beleef nie. En toe begin Hy om in my te werk oor etlike jare heen. Ek gaan deur donker dieptes van beproewinge, hartseer en pyn en smarte en swaarkry. Nie net een keer nie, maar voortdurend. Leeggetap van myself, sodat Hy my kan vul met Homself. Met Sy liefde wat my deurdrenk, met die indompeling in Sy Heilige Gees. Namate ek groei in Hom word ek minder en minder en word Hy meer en meer in my lewensbestaan. Ek is self nog ver van die finale produk af. In my daaglikse lewenswandel lei Hy my soos 'n blinde gelei word en afhanklik is van die een wat hom lei. En nou, onlangs, sê Hy vir my in 'n hoorbare Stem: "Romeine 12". In hierdie skrywe wil ek die "Ontferminge van God" ontleed. God se liefde en daarmee voortvloeiend, Sy ontferming.

In Romeine 12:1 volg ons die pad: "...ek vermaan julle, broeders, by die ontferminge van God..." Die Griekse woord vir "ontferminge" is oiktirmos enkelvoud, of meervoud oiktirmoi. Dit beteken letterlik innige deernis, medelye of barmhartigheid wat gegrond is op God se liefde. 'n Begrip onvertaalbaar in Afrikaans en ook in Engels, want dit bring ons op die plek waar ons God beleef deur geloofservaring. Die Hebreeus se woord is rachamim.

1. WAAR BEGIN DIE

ONTFERMINGE VAN GOD?

God stap in die Tuin van Eden en roep: "Adam, waar is jy?" Die vreesbevange antwoord: "Ons is kaal." Dit was die gevolg van die Sondeval. Die straf? "Jou eie boosheid sal jou tugtig. Weet dan dan dit vir jou bitter is dat jy die HERE jou God verlaat het" (Jer. 2:19). God se ontferming geld egter ook hier, te midde van die Val. God sê vir Eva: "Met smart sal jy kinders baar." Dit is droefheid. Pyn. Straf. Maar bo alles is daar ook uitkoms. Dit is God se ontferminge.

Omdat daar nie 'n direkte, enkele Afrikaanse woord is wat

die fisiese en emosionele aspek van 'n moederskoot of van die Vader se liefde vasvang nie, vertaal Afrikaanse Bybels dit gewoonlik met: ontferminge, barmhartigheid, genade, innige liefde. In die *King James*-vertaling word dit meestal vertaal as: "mercies, compassions," of "bowels of mercies." Daar is die betekenis van 'n intieme Teenwoordigheid van God hier wat vir ons Westerlinge geslote bly. In wese beklemtoon beide terme (Grieks en Hebreeus) nie net 'n koue, regverdige besluit nie, maar God se oombliklike, hartstogtelike en liefdevolle deernis, of al God se positiewe kwaliteite vir Sy mense. Sy liefde is oorkoepelend oor alles, want God is liefde. Dit is 'n uitdrukking van Sy liefde, en voortspruitend Sy genade waarin Hy Sy kinders vashou en met Sy veelomvattende liefde versorg. God reik uit na Sy skepsele, regdeur die eeue, om die Sondeval om te keer en die mens te herstel wat na Sy Beeld en gelykenis geskape is. God is volmaak. Ek is nog gebroke. Al is my sonde alles vergewe by wedergeboorte, groei ek nog op die pad van volmaaktheid - na die bergtop van verheerliking toe. Dan sê die Here vir my: die krag, die innerlike en uiterlike genesing, lê nie in myself nie, maar in die krag en salwing van die Heilige Gees. Hy gebruik gebroke mense wat Hy heelgemaak het, of besig is om heel te maak, om Sy verlossingsdade en genesing te verkondig. En hulle, die gebrokenes, is Sy diensknegte. Net soos eenmaal vir Adam en Eva in die Tuin van Eden bring Hy nou nog herstel en genesing vir ons gebroke lewens.

2. DIE OU TESTAMENTIESE HEILIGES

Ons lees van verskeie Bybelkarakters wat in gevangenis en gevare was. Hulle het in swaarkry en gebrokenheid geleef. Hunkerend, soekend, vervolgd... Kon Jeremia oor die muur spring met "kettings aan sy voete?" Nee, hy is in die modderput gegooi, en vriende en helpers het hom uit die modderput opgetrek. Ons kan verder die hele profesie van die boek van Daniël volg, wat neerkom op opleidingsessie op opleidingsessie, stap vir stap openbaring van God in verdrukking op verdrukking, konfrontasie op konfrontasie,

tot hy keer op keer kom tot oorwinning. Ons lees in Daniël 2:18 dat koning Nebukadnésar van Babel 'n droom gehad het en niemand kon dit uitleë nie. Dan verskyn Daniël op die toneel. Hy vra sy metegeselle dat hulle barmhartigheid (Hebreeus = rachamim) van die God van die hemel moes afsmeek oor hierdie geheim, sodat hulle nie vir Daniël en sy metgeselle saam met die origewyse manne van Babel sou ombring nie. Block skryf, "He famously concludes that their pleas are presented not because of their own righteous deeds, but because of God's great mercies." Daniël bid ook: "Neig U oor, my God, en hoor, open U oë en aanskou ons verwoeste plekke en die stad waar U Naam oor uit-geroep is; want nie op grond van ons geregtigheid werp ons ons smeking voor U aangesig neer nie, maar op grond van U grote barmhartigheid" (rachamim; Dan. 9:18). En so bid Daniël ernstig, na 70 jaar van ballingskap. Daniël bid, "Ons het teen U gerebelleer, maar ons beroep ons op U groot barmhartigheid." So ook Daniël se vriende. Die toue het van hulle hande en voete afgesmelt toe God saam met hulle in die vuuroond was.

En Josef in die put? Hoe hulpeloos en angsbevange was hy nie! Simson? Moses? Josua? Otniël? Gideon? En al die Rigters? Hulle het elkeen hul eie gevaarlike situasies beleef. Die waarheid bly egter vas: God was altyd teenwoordig by elkeen van Sy diensknegte, veral ook ten tyde van hulle verdrukking. Hulle het God beleef in die hierdie verdrukking, waarna Hy elkeen toegerus het met Sy "tender mercies" en Sy Lewende Woord wat hulle moes gaan uitdra. Hulle swaarkry het hulle boodskap geword, omdat die fokus nie val op hulle ontberings nie, maar op God se liefde wat hulle gered het uit al hul node.

3. JESUS, DIE BRUG TUSSEN TESTAMENTE

Dan kom ons by Jesus, die Seun van die Mens. Hy vul die interim periode, tussen die Ou en Nuwe Testament - 'n oorgang na die Nuwe Testament wat Hy met Sy bloed verseël het. Jesus vorm die brug tussen die Ou Testamentiese koningshuis of Verbond en die

Nuwe Testamentiese koms van die Messias as die ewige Koning. Dit is die "ewige genadebewyse van Dawid" wat voortbou op Jes. 53:3: "Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie." Dit verwys na God se onvoorwaardelike, ewige verbond met Dawid. Dit behels die onwrikbare belofte van 'n nageslag en 'n koninkryk wat nooit sal vergaan nie, wat uiteindelik in Jesus Christus (die Seun van Dawid) sal realiseer. Hierdie gebeure beklemtoon die onvoorwaardelike en ondeurgrondelike liefde van God wat oorkoepelend is oor al God se goeie hoedanighede. Want liefde is die kern, die grondslag van die Wet, die allesoorheersende "tender mercies" van God. Ten spyte van Dawid se menslike swakhede en sondes, het God Sy genade en trou nooit van hom af wegge neem nie. Hierop volg die geestelike vervulling: In Jesaja 55 word hierdie beloftes uitgebrei tot 'n uitnodiging vir alle mense om deel te hê aan die ewige genadebewyse! Dis sluit ons in!

4. JESUS SE VRIENDE

Jesus leer Sy vriende en die dissipels oor die ondeurgrondelike liefde van God deur smarte, deur beproewinge, deur lyding, deur vuuroonde, deur diep kuile en stormwinde heen. Hoe groter die aanslae op ons lewe, hoe groter die belewens van Sy Godlike natuur in liefde, en dus hoe groter die "ontferminge van God." Jesus lei ons om te verstaan wat God se liefde behels: Hy lei ons van bloot vriendskaplike liefde na Goddelike liefde. Van philia na agapē.

In die bekende woorde in Johannes 15:14-15 sê Jesus vir Sy dissipels: "Julle is My vriende." Die oorspronklike Griekse woord wat Hy gebruik is philia, wat bloot vriendskaplike liefde beteken, en binne konteks van hierdie uitspraak beklemtoon Hy die oorgang van 'n dienskneg-Meester-verhouding na 'n intieme, vertroulike vriendskap. In Joh. 15:15 verduidelik Hy Self hierdie verskil: Hy deel Sy Vader se geheimenisse

Die Vader van Ontferminge

Vervolg van p. 2

met Sy dissipels as deel van Sy afskeidswoorde. 'n Slaaf nie weet wat sy heer doen nie. Maar Jesus lê Sy lewe af vir almal. Dit is die alles-oor-treffende liefde van God wat omskryf word met die begrip agapē. Want God is liefde (agapē) - 'n liefde wat voltooiing vind in die kruis! Hy het naby aan ons gekom deur die kruis, en ook die Vader se hart vol liefde aan ons geopenbaar. Wat 'n Vriend het ons in Jesus!

Eers heelwat later, na die opstanding, sou Petrus ook die betekenis van agapē ontdek, soos ook al die ander dissipels. En Paulus, toe hy 1 Kor. 13 geskryf het oor agapē. Nou beleef ons as gelowiges ook die Woord: "God is liefde." En voorvloeiend hieruit beleef ons die ontferminge van God. Dan hoor ons Jesus se woorde: "Gaan dan heen, en doen net so." Ons moet voortdurend Sy liefde wees, 'n aksie, 'n handeling vir alle ander mense.

5. BELEEF GOD SE ONTFERMINGE

Tot sover was die vertolking bloot intellektueel of selfs

emosioneel ontleed. Ek wil egter God se liefde self beleef! En ek lees - God is die Vader van ontferminge: "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting, wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word. Want soos die lyde van Christus oorfloedig is in ons, so is ons troos ook oorfloedig deur Christus. Maar of ons verdruk word, dit is julle tot troos en redding; en dit laat Sy werking blyk deurdat julle dieselfde lyding verduur wat ons ook ondergaan; en of ons getroos word, dit is julle tot troos en redding" (2 Kor. 1:3-6).

Inderdaad lees ons in Psalm 103:13, "Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees." Verder lees ons ook, "Kan 'n vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie! Kyk, Ek het jou

in die handpalms gegraveer; jou mure is gedurig voor My" (Jes. 49:15-16).

Hierdie Hebreeuse woord vir ontferm is nou verwant aan die woord vir "moederskoot" (rechem). Dit dui op 'n organiese, amper instinktiewe, diep innerlike bewoënhed - soos 'n moeder wat deernis het vir haar kind. So werk God ook met ons: soos 'n moeder wat ons met intense teerheid versorg, al doen ons verkeerd en beseer ons onself. Sy liefde hou nooit op nie. Dit oortref die aardse vader en moeder se liefde!

Hier is hoe die konsepte in Hebreeus en Afrikaans vergelyk: Die Hebreeuse vir moederskoot (rechem) is 'n selfstandige naamwoord. Die Hebreeuse woord racham (enkelvoud) en rachamim (meervoud) en dui op 'n werkwoord.

Die meervoudsvorm word in Hebreeus gebruik om intensiteit aan te dui. As God se rachamim is 'n oorweldigende, meervoudige en onmeetbare deernis wat Hy oor Sy mense

uitstort. Dit is iets wat aktief gedoen word. 'n Daad van liefde. Lees dan in dié verband Jes. 49:1-4.

In die Ou Testament is dit nie net 'n onbetrokke of intellektuele besluit om iemand te vergewe nie, maar 'n instinktiewe, diep moederlike liefde en ontferming vir 'n kind of geliefde. Hierdie begrip van moederliefde kom reeds voor by Eva en haar straf wat God vir haar voorhou in die Tuin van Eden: Nie net 'n straf nie, maar ook 'n diep ontferming wat vir haar (en Adam) uitkoms bied in hulle verdrukking.

SAMEVATTING

God het ons innig lief, meer as wat 'n vader kan liefhê. En God het lief meer as wat 'n moeder kan liefhê, al het ons in sonde verval. Hy is inderdaad die God van ontferminge! Hy gee altyd uitkoms vir diegene wat Hom soek, want dan vind hulle Hom, selfs in hulle diepste nood en lyding en pyn. Want die Vader is jou Vriend! Jesus is jou Vriend! En die Heilige Gees is jou Vriend! Amen.

© Dr JJ Venter

BEIBELE E BUA KA ENG?

(What is the Bible all about?)

Batho ba nagana gore Beibele ke buka fela e e tletseng ka dikgang. Ba utlwa fela moruti a rera ka Dafita le Goliath le Go tsalwa le go Bapolwa ga Jesu le ka ga Melao le dibe tsa rona. Ga ba bone setshwantsho le kgang e kgolo. Ga ba bone mola wa gauta le kgang e kgolo e e ralalang mo Beibeleng. Beibele ke Thulaganyo ya Modimo mme e tlhalosa leano la Modimo go tswa kwa Tshimologong go ya kwa Bokhutlong le kwa bophelong jo bo sa khutleng. Beibele ke Lefoko la Modimo go tloga ka Genesi 1:1 go ya go Tshenolo 22:21.

Le fa e kwadilwe ke bakwadi ba ka nna 40 ba ba farologaneng mo dingwageng di ka nna 1500, Beibele e boloka molaetsa o o tlhomameng ka thulaganyo ya Modimo ya thekololo. Kgang e le nngwe. Mmoloki a le mongwe. Leano le le nngwe. Beibele yotlhe e ka ga Modimo le Jesu le Mowa o o Boi-tshupo le batho ba ba dumelang le ba ba sa dumeleng. A re ke re leke go bona dintlha tse di kgolo tse di botlhokwa le mola wa gauta mo Lefokong.

1. MOTSHIMOLOGONG

• Modimo o dirile Atame le Efa ka botsalano le Ene. • Ga ba a ka ba utlwa, mme boleo jwa tsena mo lefatsheng. • Thuto: Boleo bo kgaola botsalano le Modimo. Lefoko: Genesi 1:26-31; Genesi 3:1-7.

2. SEGAKOLO

• Batho ba ne ba itse se se siameng le se se sa siamang mo dipelong tsa bone. • Ba ne ba santse ba tlhopho bosula. • Thuto: Go itse se se siameng ga go a lekana. Lefoko: Genesi 6:5-8.

3. PUSO

• Kwa Babele, batho ba ne ba tsuologa gape. • Melao e kgona go thibela bosula, mme ga e kgone go fetola pelo. • Se re se ithutang: Modimo ke ene fela yo o kgonang go fetola batho. Lefoko: Genesi 11:1-9.

4. TSHOLOFETSO

• Modimo o ne a bitsa Aborahame mme a solofetsa ditšhaba tsotlhe tshogofatso. • Aborahame o ne a dumela Modimo, mme Modimo wa mo tsaya a siame. • Thuto: Modimo o boloka ka tumelo mo tsholo-

fetsong ya gagwe. Lefoko: Genesi 12:1-3; Genesi 15:6.

5. MOLAO

• Molao o ne o bontsha leraele boleo jwa bone. • E ne e tshwana le seipone: e ne e senola leswe, mme e sa kgone go le tlhatswa. • Thuto: Molao o re supetsa kwa go Keresete. Lefoko: Ekesodu 20:1-17; Bagalata 3:10-13.

6. MOHAU

• Jesu o tllile, a tshela a se na boleo, a swela dibe tsa rona, mme a tsoga gape. • Pholoso ke mpho ya Modimo, e e amogelwang ka tumelo. • Thuto: Re pholositse ka tshogofatso ka tumelo. Lefoko: Johane 1:14, 17; Johane 3:16; Baefeso 2:8-9.

7. BOGOSI

• Jesu o tla boa mme a dire dilo tsotlhe disha. • Ga go kitla go tlhola go nna le boleo, loso, botlhoko kgotsa kutlobotlhoko. • Thuto: Kgang ya Modimo e felela ka kgalalelo. Lefoko: Tshenolo 20:1-6; Tshenolo 21:1-4.

8. KONOSETSO

• Modimo o re dirile. • Re e thubile.



Johan Zerwick
Sêlê ke 083 458 3837

• O re pholositse. • O tla re tlisa gae. Badumedi ba tshwanetse go dira eng? Sokologang mme o dumele mo go Jesu Keresete. O swetse dibe tsa gago mme a tsogela pholoso ya gago.

THAPELO

Rara, ke go lebogela leano la gago la poloko. Re lebogela Jesu Keresete.

Re thuse go tshela ka tumelo, go rata Lefoko la Gago, le go leta puso ya Gago e e tlang. Ka leina la ga Jesu. Amen.

GESEËN MET ALLE GEESTELIKE SEËNINGE

Paulus het die brief aan die Efésiërs geskryf vanuit die tronk, naby aan die einde van sy lewe. Hy kyk terug oor sy lewe en bediening. Hy skryf aan broeders en susters in wie se stad hy drie jaar gewoon en geleer het (Hand. 20:31). Dit was 'n teologies-ge sofistikeerde gehoor, en daar het verskeie wonderwerke deur Paulus se bediening plaasgevind in 'n stad gekenmerk deur afgodery en toorkuns. Ons vind ook 'n roerende beskrywing van die afskeid tussen Paulus en die leiers van hierdie gemeente in Hand. 20:13-38. Hierdie brief bied dus ryke stof tot nadenke, soos geïnspireer deur die Heilige Gees. Die woorde spreek vandag nog tot ons!

Die brief begin met 'n besondere aanhef, en die taal herinner aan poësie of 'n geestelike lied. In Ef. 1:3 lees ons die begin van die seëngroet, "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus." Watchman Nee het die volgende kommentaar gelewer: "If at the outset we try to do anything, we miss everything. For Christianity begins not with a big DO, but with a big DONE." Laat ons enkele van hierdie seëninge wat God reeds onverdienslik aan ons gegee het, oordink.

1. ONS UITVERKIESING

Die lang lys van geestelike seëninge begin met die frase, "...soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld." Asumang wys daarop dat die uitverkiesing eintlik 'n baie positiewe leerstelling is, omdat dit gesien moet word in die lig van God se liefde (v. 4-5), Sy wil (v. 11), Sy en ons heiligheid (v. 4) en Sy heerlijkheid (v. 5). In Sy wysheid, het God ons gekies om naby aan Hom te kom en in Sy geestelike gesin verteenwoordig te word. 'n Bekende teksgedeelte in hierdie verband is Joh. 15:16, "Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in My Naam vra [wat ook al nodig is om vrug te dra], Hy julle dit kan gee."

Nog een is Rom 8:28-30, "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na Sy voorneme geroep is. Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun, sodat Hy die Eersgeborene kan wees onder baie broeders; en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy

geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik." Baie is al geskryf oor die balans tussen God se vrye keuse (soewereiniteit) en die behoud van menslike vrye wil (die aanvaarding van God se uitnodiging). Liefde kan nie geforseer word nie. Kom ons laat dit in misterie gehul, met die vertroue dat God altyd regverdig is en Sy doel bereik, tot die heerlijkheid van Sy Naam. Laat ons liewer fokus op die wonder van God se liefde wat ons geroep het tot 'n nuwe en verheewe geestelike lewe.

2. HEILIG EN SONDER GEBREK

"...soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees" (Ef. 1:4). Die Griekse woord vir heilig is *hagios* en dui op 'n skeiding of verskil. Ons lewenswyse en denke moet verskil van die wêreld s'n, al lei dit tot misverstande en selfs vervolging. By wedergeboorte vergewe die Vader ons sonde op grond van Jesus se verdienste aan die kruis. Daarmee verkry ons posisionele heiligheid. Dis 'n regsterm wat verwys na ons vryspraak: ons is skoon en sonder fout in God se oë op grond van die feit dat Hy ons vrygespreek het. As voorbeeld, neem die aanhef tot die brief 1 Korintiërs. Paulus skryf aan "die geroepe heiliges" maar kort daarna bestraf hy sy lesers vir hulle ernstige sondes en tekortkominge. Ons kan dit verstaan in die lig van posisionele heiligheid.

Dan is daar progressiewe heiligheid, of heiligmaking. Dit is die alreeds-maar-nog-nie-beginsel, soos party dit noem. Terwyl ons reeds heilig is in God se oë, help Sy Gees ons in ons geestelike reis om al deur heilig en sonder gebrek te word: "Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring" (2 Kor. 7:1).

Laastens is daar ons uiteindelijke heiligmaking, wanneer alles tot volmaaktheid kom: "...en mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir almal... sodat Hy julle harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al Sy heiliges" (1 Thess. 3:12-13).

Barclay skryf dat die Griekse woord vir 'sonder gebrek' *amōmos* is. Dit verwys na iemand (bv. 'n Joodse priester) wat 'n offerdier ondersoek om te sien of dit gepas en gereed is om as offer te dien. Slegs die beste was goed genoeg vir God. Dit kan ook in ons lewe toegepas word: ons moet ons beste vir God gee.

3. IN LIEFDE

"...om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees" (Ef. 1:4b). Die beweegrede vir al die geestelike seëninge waarmee God ons geseën het, is Sy liefde. God is liefde (1 Joh. 4:8). As ons enigins soos Hy wil wees, moet ons in daardie liefde wandel en mekaar vuriglik liefhê. Jesus gee ons 'n opdrag: "n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê" (Joh. 13:34).

God stel die voorbeeld, en ons moet dit navolg. Ons moet soos Hy word en oervloei van liefde na ander. Hoe kosbaar is hierdie fondasie tot die lewe, tot ons verhouding met God en met alle mense! Soos iemand gesê het - baie mense soek hulle hele lewe lank na die doel en betekenis van die lewe. Dit kan in een woord opgesom word - LIEFDE! Liefde vir God, ons naaste, en onself (Matt. 22:37-40). Ons kan die Here net in stille bewondering prys vir die onbegryplike liefde wat Hy aan ons bewys het in die kruisdood van Jesus en die uitstorting van die Heilige Gees en in Sy Teenwoordigheid wat ons dag vir dag dra.

4. ONS AANNEMING TOT KINDERS

"...deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as Sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehag van Sy wil" (Ef. 1:5). In Johannes 1 lees ons van die Woord van God, die Lig van die wêreld, wat na Sy eiendom gekom het - Jesus Christus. Nie almal het Hom aangeneem nie. "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is" (Joh. 1:12-13). Die apostel Johannes gaan voort om die liefde van God te besing in sy eerste sendbrief: "Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie" (1 Joh. 3:1).

Deel van God se wonderbare saligheidsplan is dat Hy ons as Sy Eie kinders aangeneem het. Hy het ons lewend gemaak en ons status verhef: "Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur Sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus" (Ef. 2:4-5). "Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus" (v. 13). Paulus skryf verder: "Want julle is almal kinders

van God deur die geloof in Christus Jesus" (Gal. 3:26). Wat 'n grootse wonderwerk om God se kind te mag wees en in 'n liefdesverhouding met ons Vader te mag staan!

5. ONS BEGENADIGING

"...tot lof van die heerlijkheid van Sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde" (Ef. 1:6). Johannes herinner ons: "En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het Sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid" (Joh. 1:14). Hierdie gedeelte vertel ons nie net van die feit van die Menswording van Jesus nie, maar ook van die aard daarvan: vol van genade en waarheid. Johannes gaan voort met hierdie tema: "En uit Sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade. Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom" (v. 16-17).

Hoewel die wet die tugmeester was na Christus toe (Gal. 3:24-25), het God se volle genade in die Persoon van Jesus ontvou. Ons het ook hierdie genade deelagtig geword. Geen verdienste aan ons kant nie. Net die geestelike seëninge en gawes van God. Jesus sê, "...want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red" (Joh. 12:47). Laat ons ons dan verlustig in hierdie genadegawes van redding, regverdigmaking, en aanneming!

6. VERLOSSING EN VERGIFNIS

"In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade" (v. 7). Soos 'n regter wat ons tydens 'n hofspraak vryspreek omdat 'n ander die prys reeds betaal het, word ons vrygespreek op grond van Jesus se offer aan die kruis. Paulus herinner ons aan hierdie liefdesdaad van God: "En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy [God] saam met Hom [Jesus] lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael" (Kol. 2:13-14).

Die Amplified Bible sê dit so mooi, "...Having cancelled and blotted out and wiped away the handwriting of the note (bond) with its legal decrees and demands which was in force and stood against us (hostile to us)". Die skuld wat ons nooit kon betaal nie, is deur Jesus betaal, en "die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en

Vervolg op p. 7

A Prayer for Slowing Down

Busyness is more than just too many activities. It's the heaviness our brains feel when we have too many things to think about. It's the extra heavy heartbeat that comes when we think we may let others down. It's feeling in-over-our-heads. We may find ourselves holding our breath, longing for a day off, or feeling desperate for quiet space.

When we feel busy, we tend to get a bit short with others. Maybe we start to feel cynical. Perhaps we even ignore the text messages of our closest friends because we don't want to get out with them.

For some of us, slowing down is as simple as saying, "no" to a few things and taking some time off. For others, however, it may feel

like you're in an impossible place to slow down.

Regardless of your circumstances, consider taking a few deep breaths with us as we think about the following Scripture and pray the following prayer.

"In vain you rise early and stay up late, toiling for food to eat - for He grants sleep to those He loves" (Psalm 127:2 NIV).

Prayer: Dear Lord, I often feel overwhelmed. Busy. Rushed. Anxious. As I lay my wants, needs, and troubles before Your feet, please give me Your unique and wonderful peace! Help me to slow down and give me Your rest. In Jesus' Name. Amen.
- Our Daily Bread Ministries



God is Faithful

As I was pondering the Beatitudes, I was reminded of the faithfulness of God across generations. My grandfather left home at the age of eleven. His father and grandfather wanted him to leave school and earn money to support their dependence on alcohol.

Instead, he chose a different path. He built a simple mud hut on the banks of the Nahoon River in East London and planted carnations, which he sold on street corners to survive. Most importantly, he made a decision that would alter the course of generations to come. He chose to put God first.

Every Sunday he would walk barefoot to church. Only when he reached the corner near the church would he put on his shoes. He became a lay preacher and was involved in building several churches in East London and the Transkei.

His son, my father, Pastor Ed Roebert (Pronounced: Ray-Bert), felt the call of God on his life and became the pastor of a church that grew to more than 6 500 members. He faithfully served the Lord until 1997, when he passed away while participating in a March for Jesus event in Pretoria.

Today, all three of his sons are involved in ministry. Several of his grandchildren - all of whom he never met and never even saw - have also chosen to serve God and advance His Kingdom. These notes come from one of the third generation since my grandfather made the decision to break with the family curse of alcohol and pursue God wholeheartedly.

What an amazing reminder that the choices we make today can impact generations yet to come. A decision to follow God, to trust Him, and to put Him first can change not only your life but also the destiny of your family.

We often think that our lives are made up of big moments and major decisions, but many of life's greatest outcomes begin with small, faithful choices. One young boy decided to serve God instead of following the path laid out before him. Four generations later, the impact of that decision continues. Never underestimate what God can do through one life that is surrendered to Him.

May the Lord fill your heart with His peace, guide you through every season, and remind you that He is working in your life and through your life in ways that may only be fully seen by generations still to come.

- Pastor Andrew W Roebert, www.AlivetoGod.com

God is in die Fluistering...

Elia het pas een van die grootste oorwinnings van sy lewe beleef. Op Berg Karmel het God met vuur uit die hemel geantwoord. Die volk het uitgeroep: "Die Here is God!" 'n Mens sou dink Elia is op die kruin van sy geloof, maar kort daarna stort alles in duie. Koningin Isebel dreig hom. Elia vlug die woestyn in. Hy raak moedeloos, uitgeput en depressief. Onder 'n besembos bid hy selfs dat hy eerder wil sterf.

Dit is belangrik om die konteks te onthou. Elia is nie op hierdie punt ongeestelik of ongelowig nie. Hy is eenvoudig moeg. Die groot profeet het sy menslike grens bereik. God stuur hom na Horeb, die berg waar Moses eeue tevore God ontmoet het. Daar gebeur iets besonder. 'n Geweldige wind skeur die berge oop. Maar die Here is nie in die wind nie. 'n Aardbewing volg. Maar die Here is nie in die aardbewing nie. Dan kom vuur. Maar die Here is nie in die vuur nie.

En daarna ... 'n Fluistering. 'n Stil, sagte stem. En dáár ontmoet Elia vir God.

Walter Brueggemann merk op dat hierdie gedeelte ons leer dat God nie net in dramatiese mag en openbare oorwinnings teenwoordig is nie, maar ook in stilte, kwesbaarheid en verborgenheid. Die God van Karmel is ook die God van die fluistering.

Dit is iets wat ons maklik vergeet. Van die belangrikste werk van die Gees gebeur stil. 'n Gedagte wat nie wil weggaan nie. 'n Bybelvers wat aanhou terugkom. 'n Onverklaarbare vrede. 'n Sagte oortuiging in jou hart. 'n Stil wete van wat reg is.

Die Gees hoef nie altyd te skree om gehoor te word nie. In ons wêreld is stilte skaars. Ons word omring deur kennisgewings, nuus, menings, video's en eindelose geraas. Selfs wanneer ons alleen is, vul ons die stilte met musiek of skerms.

N.T. Wright skryf dat God se Teenwoordigheid dikwels nie in die buitengewone ervarings gevind word waarna ons soek nie, maar in die getroue, daaglikse wandel met Hom. Die groot oomblikke het hulle plek, maar die meeste geloof word gevorm in die gewone dae.

Miskien voel jy vandag soos Elia. Moeg. Ontnugter. Leeg. Mag ek sê: depressief? Dan is die goeie nuus dat God nie altyd met donderweer kom nie. Soms kom Hy net sit langs jou in die stilte. En in daardie sagte fluistering hoor jy weer: "Jy is nie alleen nie."

Gebod: Here, in die geraas van my lewe, help my om stil genoeg te word om U Stem te hoor. Amen.

Ds. Hettie Wessels

CHRISTIANITY IN THE AGE OF ALGORITHMS

THE NEW PULPIT

Not long ago, discipleship primarily happened through the local church, faithful pastors, family devotions, and personal Bible study. Spiritual growth was often a slower process. One built around reading, reflection, prayer, and learning from those who had walked with Christ longer than they had.

A significant shift has taken place. The average Christian now lives in a world saturated with digital content. Before many people open their Bibles in the morning, they reach for a phone. Before hearing from a pastor on Sunday, they may have already consumed dozens of videos, podcasts, memes, and social media posts. The modern believer often enters a worship service after spending hours immersed in a completely different information environment.

The smartphone has become a constant companion, and the social feed increasingly functions as a type of digital pulpit. Every swipe introduces ideas, values, fears, opinions, and worldviews. The issue is not merely that people are consuming more information than previous generations; it is that invisible systems now determine much of what they see. Those systems are called algorithms. Unlike a pastor who prayerfully prepares a message or a teacher who intentionally builds a lesson, algorithms are designed around a different objective. Their purpose is not spiritual maturity. Their purpose is attention. They are designed to learn what captures us, what keeps us watching, and what prevents us from moving on to something else. That reality raises an important question for Christians: If something is constantly shaping our thoughts, then who (or what) is teaching our minds?

ATTENTION HAS BECOME A BATTLEFIELD

The battle for truth has always involved the mind. Scripture repeatedly warns believers about deception, false teaching, and conformity to worldly thinking. Romans 12:2 tells believers, *“And do not be conformed to this world, but be transformed by the renewing of your mind...”* The battlefield of spiritual warfare has never simply been external; it has always involved what people believe and how they think.

What makes our present moment unique is that the competition for attention has become relentless. Modern platforms are built around systems that study user behaviour. Every pause on a

video, every click on an article, every search, and every interaction becomes data. Algorithms learn preferences and then serve increasingly personalised content designed to maximise engagement. If a user watches several videos involving political outrage, more outrage appears. If they stop on conspiracy content, more conspiracy content follows. If they linger on something inappropriate, more inappropriate stories begin filling their feed.

Research in recent years has increasingly suggested that emotionally charged and sensational content often spreads more effectively online than carefully reasoned information. This creates a troubling dynamic because truth and engagement are not necessarily the same thing. Truth frequently requires patience, context, and thoughtful consideration. Emotional reactions, however, happen almost instantly. The result is a culture increasingly conditioned to react before thinking.

For believers, this should create concern because spiritual maturity has never been built on immediate reactions. Growth in Christ often develops through slow and intentional practices: reading Scripture, praying, studying doctrine, spending time in fellowship, and allowing God's Word to transform the mind over time. The digital world increasingly trains people in the opposite direction.

THE RISE OF FAST-FOOD THEOLOGY

The influence of algorithms extends beyond entertainment and politics; it increasingly shapes theology itself. Many Christians today consume biblical teaching in the same way they consume every other form of online content. Instead of sustained study, theology can become fragmented into short clips and brief emotional moments. Complex doctrine becomes condensed into catchy quotes.

Short-form content is not inherently bad. God can certainly use brief messages to encourage believers. A short video may inspire a person to study a passage further. Problems emerge, however, when snippets replace substance. There is a significant difference between hearing a thirty-second motivational clip and studying an entire chapter of Scripture within its context. Sound doctrine requires depth, and depth takes time.

Many researchers and educators continue observing increasing difficulty among younger gene-

rations in maintaining sustained focus amid constant digital stimulation. Whether scrolling through endless videos or rapidly switching between applications, attention increasingly becomes fragmented. Spiritually speaking, this creates important questions.

